



HET JY AL OOI OOR GOD GEWONDER ?

Wie is Hy? Waar is Hy?
Kan mens Hom bereik?
Wel, ek het en ek het baie
bevredigende antwoorde in die Bybel
gevind. Kan ek dit met jou deel?
Ok, hier volg dit :

WIE IS GOD?

GOD IS DIE SKEPPER. *HY HET ALLES GESKAPE :*
Genesis 1:1 In die begin het God die hemel en die aarde geskape.

GOD IS OOK LIEFDE :

1 Jonannes 4:8,9 Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie,
want God is liefde. Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar,
dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons
deur Hom kan lewe.

GOD HET JOU EN MY LIEF !

Jeremia 31:3b Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom
het Ek jou getrek met goedertierenheid.

GOD IS OOK ONS HEMELSE VADER :

Psalms 68:6 'n Vader van die wese en 'n regter van die weduwees
is God in sy heilige woning. **Matteus 6:9** Só moet julle dan bid:
Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word.

GOD IS HEILIG :

Openbaring 4:8 Heilig, heilig, heilig is die Here God, die
Almagtige, wat was en wat is en wat kom!

GOD IS GEES : Dis waarom ons Hom nie kan sien nie.

Johannes 4:24 God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees
en waarheid aanbid.

WAAR IS GOD? GOD IS ALOMTEENWOORDIG.

Psalms 139:7-10 Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen
vlug van u aangesig? Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek
die doderyk my bed, kyk, U is daar! Neem ek die vleuels van die
dageraad, gaan ek by die uiteinde van die see woon, ook daar sou u
hand my lei en u regterhand my vashou.

GOD WOON OOK IN DIE HEMEL. DIS 'N WONDERLIKE PLEK !
Dis suiwer en skoon, vol van God se liefde, goedheid en vrede.
Niemand doen enigiets wat 'n ander persoon kan seermaak
nie. EN dit hou vir ewig aan !

Psalms 33:13 Die HERE kyk van die hemel af; Hy sien al die
mensekinders.

GAAN ALMAL AUTOMATIES HEMEL TOE? ALMAL IS GENOOI.

Die wonderlike nuus is dat God die hemel met ons wil deel !!!
Openbaring 22:17b En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat
wil, die water van die lewe neem, verniet.

HOE KAN EK SEKER MAAK DAT EK EENDAG HEMEL TOE SAL GAAN ?

EERSTENS,
DAAR IS NET
EEN
INGANG



Johannes 10:9 Jesus sê : Ek is die
deur; as iemand deur My (die hemel) ingaan, sal hy gered word, en
hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.

TWEEDENS :

Die enigste ding wat nie in die hemel kan ingaan nie, is sonde.

WAT IS SONDE ?

Dis alles wat ons dink, sê wat die Here nie behaag nie. En ons
almal doen dit.

Romeine 3:2 Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die
heerlikheid van God.

Dis nogal 'n hartseer situasie, of wat dink jy ? Die Here weet
dit en omdat Hy ons so liefhet, het Hy 'n wonderlike plan
gemaak sodat ons sondes weggewas en vergewe kan word en
sodat almal hemel toe kan gaan.

Romeine 6:23 Want die loon van die sonde is die dood, maar die
genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.

DIT IS WAT DIE HERE GEDOEN HET : HY HET SY SEUN
JESUS NA DIE AARDE TOE GESTUUR OM OM IN DIE MENS
SE PLEK TE STERF AAN 'N KRUIS. JA, VIR JOU EN VIR MY!
Johannes 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy
eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore
mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

WIE IS JESUS ?

JESUS IS DIE SEUN VAN GOD.

Matteus 16:1 En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus,
die Seun van die lewende God

WAT HET HY GEDOEN ?

Jesaja 53:6 Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie
pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op
Hom laat neerkom.

Johannes 19:17&18 En Jesus het sy kruis gedra en uitgegaan na
Gólgota, waar hulle Hom gekruisig het en saam met Hom twee ander,
een aan elke kant, en Jesus in die middel.

1 Korintiërs 5:3&4 Jesus Christus het vir ons sondes gesterf volgens
die Skrifte en dat Hy is begrawe, en Hy is op die derde dag opgewek
volgens die Skrifte;

IS DAAR MISKIEN ENIGE ANDER MANIER OM VAN SONDE ONTSLAE TE RAAK ?

Hebreeërs 9:22b en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis
plaas nie.

Hebreeërs 10:4 want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die
sonde wegneem.

Matteus 4:17 Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê:
Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.

OMDAT JESUS AAN 'N KRUIS GESTERF HET VIR DIE HELE WERELD

SE SONDES, WORD

ONS SONDES

VERGEWE

& IS DIT

MOONTLIK

VIR ALMAL

OM HEMEL

TOE TE GAAN.

WIL JY DIT OOK GRAAG BELEEF ?

Johannes 1:12 Maar almal wat
Hom aangeneem het, aan hulle het
Hy mag gegee om kinders van God
te word, aan hulle wat in sy Naam
glo;

WIL JY OOK VIR JESUS AANNEEM AS JOU VERLOSSER ?

Openbaring 3:20 Jesus sê: Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As
iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe
en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Psalms 45:11&12 Hoor en kyk en neig u oor, en vergeet u volk en die
huis van u vader; en as die Koning in skoonheid begeer—want Hy is u
Heer—buig u dan voor Hom neer.



HOE DOEN EK DIT ?

As jy erken dat jy nie van beter geweet het nie, dat jy gesondig het, dat jy nou glo dat Jesus die Seun van God is, wie vir jou sondes gesterf het, kan jy iets soortgelyks soos die volgende gebed bid :

Dankie Here Jesus vir hierdie goeie nuus.

Dankie dat U vir my sondes aan die kruis gesterf het.

Ek besef nou dat ek gesondig het en my eie pad geloop het.

Ek aanvaar nou U vergifnis. Ek maak nou my hart oop

en nooi U om in my hart te kom woon deur U Heilige Gees.

Sal U asseblief beheer van my lewe oorneem?

Baie dankie, Amen

NOU IS JY 'N KIND VAN GOD !

Kolossense 1:13 Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde,

**HET JY GEWEET
DATDIE ENGELE
IN DIE HEMEL
JUIG OP
HIERDIE
OOMBLIK
OOR JOU
BESLUIT ?**

Lukas 15:10 So, sê Ek vir julle, is daar blydschap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.



WAT DOEN EK NOU ?

Steek net jou hand uit in geloof en vat die Here se hand. Vra Hom om jou elke dag te lei.

Psalm 73:23&24 Nogtans is ek altyddeur by U; U het my regterhand gevat. U sal my lei deur U raad en my daarna in heerlijkheid opneem.

DAAR IS NOG MEER GOEIE NUUS : Ons **hoef nie te wag tot ons eendag doodgaan om die hemel te beleef nie, want 'n bietjie van die hemel woon nou reeds in ons harte !**

Openbaring 21:3 En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die woning van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.

DIE HERE WOON NOU IN JOU HART DEUR SY HEILIGE GEES & HY SAL ALTYD MET JOU WEES. Jy hoef nooit meer eensaam of bang te wees nie.

Hebreeërs 13:5b&6 Die Here het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie. Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: Die Here is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen?

2Timoteus 1:7 Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.

IS DAAR ENIGE PRAKTIESE RIGLYNE WAT EK KAN VOLG ?

Ja. Omdat God liefde is, wil Hy graag in 'n persoonlike verhouding met jou wees, sodat Hy Sy liefde en lewe elke dag met jou kan deel & jy jou lief & leed met Hom kan deel.

HOE DOEN EK DIT ?

Die Here het vir ons 'n padkaart & 'n liefdesbrief gegee, alles in een.

Dit is die BYBEL :

**WANNEER JY DIT
LEES, KAN JY DIE
HERE BETER
LEER KEN ASOOK
WAT HY VAN
JOU VERWAG.**



Psalm 119:105

U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.

Dit beteken nie dat jy nooit weer sal sondig nie, maar die Here het 'n weg gemaak sondebelydenis. Sodra jy agterkom dat jy 'n fout begaan het of jou vrede verloor het, erken dadelik jou sonde, sodat jou verhouding met die Here aangenaam kan bly. Los al die dinge wat vir jou skadelik is & wat die Here se hart seermaak.

1Johannes 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Kolossense 3:15 En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar.

MOET EK VAN NOU AF ANDERS PROBEER LEWE ?

Nee, jy hoef nie jousef te probeer verander nie, dit sal vanself gebeur, want jy is nou 'n nuwe mens.

2Korintiërs 5:17 Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.



Ek kan wel voorstel om jou dag te begin met 'n stiltetyd met die Here, deur gebed & Bybel lees.

Psalm 5:4 In die môre, HERE, sal U my stem hoor; in die môre sal ek dit aan U voorlê en afwag.

HOE BID MENS ?

Daar is nie 'n patroon nie, behalwe dat jy uit jou hart moet bid. Gebed is die asemhaling van die siel asook 'n gesprek met die Here.

Fillipense 4:6 Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.

Here Jesus het wel 'n riglyn vir ons gegee in

Matteus 6:9-13 Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen.

WAAR KAN EK BEGIN MET BYBEL LEES ?

Daar is nie ook nie 'n vaste patroon hiervoor nie, want elkeen van ons is uniek. Jy kan miskien begin met Lukas in die Nuwe Testament & Psalms in die Ou Testament. Jy sal wel mettertyd 'n manier vind 'n wat vir jou werk. Solank jy net die Bybel lees.

WATTER KERK IS DIE REÛTE EEN ?

Daar is baie verskillende kerke, net soos daar ook baie verskillende tipes mense is. VRA DAT DIE HEILIGE GEES JOU LEI NA 'N KERK WAT AAN DIE DRIE=ENIGE GOD & AAN DIE BYBEL GLO. Dit sal jou nuwe geestelike familie wees.

GENIET JOU REIS SAAM MET JESUS !

